Verwysing: 20200907-7886
Lêerno.: 13/11/2
Navrae: SL Willoughby

Eksamenadministrasieminuut: 0007/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-, Senior Sertifikaat-, en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes Vlak 4-eksamens voorberei

Onderwerp: Verpligte opleiding vir alle prinsipale, hoofopsieners, senior opsieners en distriksbeamptes wat in 2020/21 by die afneem, administrasie en bestuur van die NSS-, SS- en OOV Vlak 4-eksamens betrokke is

1. Ingevolge die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen,* gepubliseer in *Staatskoerant* 37651 van 16 Mei 2014, moet die provinsiale departemente van onderwys toesien dat alle opsieners behoorlik opgelei word om die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-, Senior Sertifikaat (SS)- en Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (OOV) Vlak 4-eksamens af te neem.

2. Alhoewel opleiding vanaf 2014 tot 2019 verpligtend was, is verskeie administratiewe en gedragsmisdrywe en oneerlike wandade geïdentifiseer en gedurende die NSS-eksamens in 2019 aangemeld. Dit toon duidelik dat dit noodsaaklik is dat opsieners en prinsipale vir 2020 se NSS, 2021 se NSS en SS in Mei/Junie, en die OOV Vlak 4-eksamens in 2020/21 opgelei moet word.

3. Die opleidingsessies sal via Microsoft (MS) Teams vanaf 05 Oktober tot 08 Oktober 2020 vir al agt distrikte plaasvind. (**Kyk aangehegte Bylae B**.)

4. Een kontak-Smartlock- en opsieneropleidingsessie sal by die Distrikskantoor Metro-Noord op 20 Oktober 2020 gereël word vir eksamensentrums wat nuut is of vir die eerste keer gebruik word.

5. Die Covid-19-protokol lig ons in dat openbare byeenkomste en sosiale geleenthede die risiko vir die verspreiding van Covid-19 aansienlik verhoog. Dus sal die NSS-/SS-opsieneropleiding vir 2020 via die MS Teams-platform plaasvind. Hierdie virtuele opleiding sal deur amptenare van die Hoofdirektoraat: Eksamen- en assesseringsbestuur (Hoofkantoor) waargeneem word. Die opleiding van opsieners is van uiterste belang sodat daar verseker kan word dat alle prinsipale/sentrumbestuurders, hoofopsieners en senior opsieners van alle eksamensentrums, behoorlike opleiding ontvang. Weens die Covid-19-pandemie **moet** bykomende prosedures vir die afneem en administrasie van die eksamen ingesluit word om die veiligheid van alle kandidate en rolspelers verder te verseker.

6. Dit is **verpligtend** dat die volgende afgevaardigdes wat betrokke is by die afneem, administrasie en bestuur van 2020/21 se NSS-, SS- en VOO Vlak 4-eksamens die MS Teams-opleidingsessies bywoon:
   - prinsipale/sentrumbestuurders **(hoofopsieners);**
   - twee senior bestuurspanlede (SBS-lede);
   - senior opsieners; en
   - distriksamptenare wat betrokke is by die afneem, administrasie en bestuur van die NSS-, SS- en VOO Vlak 4- eksamens in 2020/21.

7. Prinsipale/sentrumbestuurders en hulle SBS'e sal van alle opleidingsmateriaal voorsien word en dit **moet** gebruik word om die opleiding en inligting wat gedurende die amptelike gereëlde provinsiale opleidingsessies gedeel is, aan ander opsieners oor te dra. Dit sal die standaardisering van die inligting wat gedeel word, verseker.

8. Die bekendmaking van nuwe prosedures vir die algehele bestuur en afneem van die hele eksamenproses wat in ooreenstemming met Covid 19-protokolle is, noodsaak die bywoning van die opleiding vir alle partye.

9. Die rooster wat die opleidingsdatums en tye per kring en distrik weergee, is as **Bylae B** aangeheg.

10. U begrip en samewerking sal hoog waardeer word.

11. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-09-29